

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.
BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Friday, 15 September 1967

WINDHOEK

Vrydag, 15 September 1967

No. 2821

CONTENTS

INHOUD

Bladsy/Page

No. R.1252 (Republic) Promulgation of General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve	(Republiek) Afkondiging van Algemene Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Weermag en die Reserwe	2
No. R.1253 (Republic) Amendment to the Citizen Force Regulations	(Republiek) Wysiging van Burgermagregulasies	6
No. R.1254 (Republic) Amendment to the Commando Regulations	(Republiek) Wysiging van die Kommandoregulasies	23
No. R.1255 (Republic) Amendment to the Cadet Corps Regulations	(Republiek) Wysiging van die Kadetkorsregulasies	32

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office, Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur, Windhoek.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. R. 1252.]

[18 Augustus 1967.

AFKONDIGING VAN ALGEMENE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG EN DIE RESERWE.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens artikel 87(1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die volgende Algemene Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Weermag en die Reserwe uit te vaardig:—

„HOOFSTUK XIV.

INSKRYWING VAN PERSONEEL EN ALGEMENE DIENSVORWAARDES.

DEEL I.

REGISTRASIE, KEURING, TOEWYSING, INDELING VIR EN AANSOEKE OM VRYSTELLING OF UITSTEL VAN DIENS IN DIE BURGERMAG EN DIE KOMMANDO'S.

Woordbepaling.

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) , diensgeleentheid' 'n diensgeleentheid bedoel in regulasie 2 (2) van Hoofstuk VII van die Burgermagregulasies of regulasie 1 (1) van Hoofstuk VII van die Kommandoregulasies; (v)
- (ii) , kalenderjaar' 'n jaar wat op die eerste dag van Januarie begin; (i)
- (iii) , keurraad' 'n keurraad ingevolge artikel 66A van die Wet aangestel; (vii)
- (iv) , magsnommer' 'n nommer wat aan 'n lid van die SA Weermag of iemand wat registreer of aansoek doen vir diens in enige deel van bedoelde Mag toegewys word vir sy uitkenning; (iii)
- (v) , mediese offisier' 'n mediese offisier soos omskryf in regulasie 1 van Hoofstuk I van die Kommandoregulasies; (iv)
- (vi) , registrasiebeampte' die offisier in artikel 62 van die Wet bedoel, wat ook as die offisier belas met die registers van burgers optree; (vi)
- (vii) , vrystellingsraad' 'n vrystellingsraad ooreenkomstig artikel 68 van die Wet benoem. (ii)

Registrasie.

2. (1) Die registrasiebeampte registreer iedere aansoek ingevolge artikel 63 of 65 van die Wet en ken 'n afsonderlike magsnommer aan iedere aansoeker toe.

(2) By die toepassing van artikel 65 (1) van die Wet is die voorgeskrewe ouderdom een-en-twintig jaar.

Verandering van Adres.

3. (1) Die registrasiebeampte is die voorgeskrewe offisier by die toepassing van artikel 64 van die Wet.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. R. 1252.]

[18 August 1967.

PROMULGATION OF GENERAL REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE AND THE RESERVE.

The Acting State President has been pleased, in terms of section 87(1) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to promulgate the following General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve:—

“CHAPTER XIV.

ENROLMENT OF PERSONNEL AND GENERAL CONDITIONS OF SERVICE.

PART I.

REGISTRATION, SELECTION, ALLOTMENT, POSTING FOR AND APPLICATIONS FOR EXEMPTION FROM OR DEFERMENT OF SERVICE IN THE CITIZEN FORCE AND THE COMMANDOS.

Definitions.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

- (i) 'calendar year' means any year commencing on the first day of January; (ii)
- (ii) 'exemption board' means an exemption board appointed in terms of section 68 of the Act; (vii)
- (iii) 'force number' means a number allotted for purposes of identification to a member of the SA Defence Force or any person who registers or applies for service in any part of the said Force; (iv)
- (iv) 'medical officer' means the officer defined in regulation 1 of Chapter I of the Commando Regulations; (v)
- (v) 'period of service' means a period of service referred to in regulation 2(2) of Chapter VII of the Citizen Force Regulations or regulation 1(1) of Chapter VII of the Commando Regulations; (i)
- (vi) 'registering officer' means the officer referred to in section 62 of the Act, who also officiates as the officer in charge of the citizen's records; (vi)
- (vii) 'selection board' means a selection board appointed in terms of section 66A of the Act. (iii)

Registration.

2. (1) The registering officer shall register every application under section 63 or 65 of the Act and shall allot a separate force number to every applicant.

(2) The prescribed age for the purposes of section 65 (1) of the Act shall be twenty-one years.

Change of Address.

3. (1) The registering officer shall be the prescribed officer for the purposes of section 64 of the Act.

(2) 'n Persoon wat in regulasie 2 van hierdie hoofstuk bedoel word, verwittig die registrasiebeampte skriftelik van elke verandering van sy woonadres binne veertien dae nadat so 'n verandering plaasgevind het.

Geneeskundige Ondersoek.

4. (1) Iedere burger wat ingevolge artikel 63 geregistreer, iedere persoon wat ingevolge artikel 65 vir inskrywing aangeneem en 'n burger wat ingevolge artikel 66A van die Wet deur 'n keurraad daartoe gelas is, moet hom onderwerp aan 'n geneeskundige ondersoek wat op Staatskoste deur 'n mediese offisier waargeneem word op die tyd, datum en plek aan hom meegedeel deur die registrasiebeampte, 'n offisier of ander persoon wat met die magtiging of op versoek van die registrasiebeampte handel of deur die voorsitter van 'n keurraad, na gelang van die geval.

(2) 'n Mediese offisier genoem in subregulasie (1) doen ooreenkomstig die peile van geneeskundige geskiktheid wat die Geneesheer-generaal ooreenkomstig die Regulasies vir diens in die SA Weermag bepaal het en in 'n vorm deur die Geneesheer-generaal goedgekeur, verslag oor die geneeskundige geskiktheid van die betrokke burger of persoon vir militêre diens en enige opleiding wat in die loop daarvan meegemaak moet word.

(3) Die Geneesheer-generaal of 'n mediese offisier wat hy vir die doel aangewys het, bepaal uit sodanige verslag of die betrokke burger of persoon vir militêre diens in enige klassifikasie of indeling geneeskundig geskik is.

(4) Die registrasiebeampte reik ingevolge artikel 63(3) van die Wet 'n sertifikaat van vrystelling van diens uit aan iedere persoon wat ingevolge hierdie regulasie deur die Geneesheer-generaal of 'n offisier wat hy daartoe gemagtig het, permanent medies ongeskik vir militêre diens verklaar is.

Keuring en Toewysing.

5. (1) 'n Keurlys wat ingevolge artikel 66(2) van die Wet opgestel word, moet die volgende besonderhede van iedere persoon wie se naam daarop voorkom, bevat—

- (a) sy magsnommer;
- (b) sy geboortedatum;
- (c) sy geneeskundige geskiktheidspeil; en
- (d) die ander informasie wat die registrasiebeampte vir die voorligting van 'n keurraad by die toepassing van artikel 66A (5) van die Wet, nodig ag.

(2) Die registrasiebeampte kan by wyse van 'n skriftelike opdrag aan iemand wie se naam in 'n keurlys opgeneem staan te word of opgeneem is of deur bemiddeling van 'n lid van die personeel van 'n skool of ander opvoedkundige inrigting wat op sy versoek en met sy magtiging handel, reël vir die voorsiening van informasie wat betrekking het op die keuring of toewysing van die betrokke persoon ingevolge artikel 66A of 67 van die Wet.

(3) Die registrasiebeampte voorsien die keurlys vir elke gebied wat die Minister kragtens artikel 66(1) van die Wet bepaal het aan die voorsitter van die keurraad vir sodanige gebied.

(4) Die aanbevelings van 'n keurraad ingevolge artikel 66A (5) van die Wet word by die registrasiebeampte ingedien wat, behoudens die voorskrifte van die Minister en in oorleg met die hoofde van die betrokke weermagsdele en die betrokke afdelingshoofde, gevolg gee aan die bepalinge van artikel 67 van die Wet en ook enigiemand wat ingevolge artikel 65 van die Wet vir inskrywing aanvaar is, aan 'n eenheid van die Burgermag of die kommando's toewys.

Kennisgewing van Toewysing.

6. (1) Die registrasiebeampte of 'n offisier wat op sy gesag handel moet iedere persoon wat ooreenkomstig regulasie 5 toegewys is, skriftelik in kennis stel of hy aan die Burgermag of die kommando's toegewys is.

(2) Die registrasiebeampte of 'n offisier wat op sy gesag handel, moet iedere persoon wat aan die Burgermag toegewys is, skriftelik in kennis stel van die naam van die eenheid waaraan hy toegewys is, van die datum waarop en plek waar hy met sy eerste tydperk van ononderbroke diens moet begin en die duur van sodanige tydperk.

(2) Any person referred to in regulation 2 of this chapter shall advise the registering officer in writing of any change of his residential address within fourteen days after such change has occurred.

Medical Examination.

4. (1) Every citizen registered in terms of section 63, every person accepted for enrolment in terms of section 65 and every citizen instructed thereto in terms of section 66A of the Act by a selection board, shall submit himself to a medical examination at State expense by a medical officer at a time, date and place notified to him, as the case may be, by the registering officer, an officer or other person acting on the authority or at the request of the registering officer or by the chairman of a selection board.

(2) A medical officer referred to in subregulation (1) shall report in accordance with the standards of physical fitness determined by the Surgeon General for service in the SA Defence Force and in a form approved by the Surgeon General, on the medical fitness of the citizen or person concerned for military service and any training to be undergone in the course thereof.

(3) The Surgeon General or a medical officer designated by him for the purpose, shall on such report determine whether the citizen or person concerned is medically fit for military service in any classification or post.

(4) The registering officer shall issue a certificate of exemption from service in terms of section 63(3) of the Act to every person declared permanently medically unfit for military service in terms of this regulation by the Surgeon General or an officer authorised thereto by him.

Selection and Allotment.

5. (1) A selection list compiled in terms of section 66(2) of the Act shall include the following particulars of every person whose name appears thereon—

- (a) his force number;
- (b) his date of birth;
- (c) his standard of medical fitness; and
- (d) any other information which the registering officer may deem necessary for the guidance of the selection board in the application of section 66A (5) of the Act.

(2) The registering officer may by means of a written instruction to any person whose name is due to appear or has appeared on a selection list, or through the agency of a member of the staff of any school or other educational institution acting at his request and on his authority, arrange for the provision of any information relative to the selection or allotment of the person concerned in terms of section 66A or 67 of the Act.

(3) The registering officer shall submit the selection list for every area determined by the Minister in terms of section 66(1) of the Act to the chairman of the selection board for such area.

(4) The recommendations of a selection board in terms of section 66A (5) of the Act, shall be lodged with the registering officer who shall, subject to the directions of the Minister and in consultation with the Chiefs of the Arms of the Force and Heads of Sections concerned, carry into effect the provisions of section 67 of the Act and also allot any person accepted for enrolment in terms of section 65 of the Act, to a unit of the Citizen Force or the commandos.

Notice of Allotment.

6. (1) The registering officer or an officer acting on his authority shall in writing notify every person allotted in terms of regulation 5 whether he has been allotted to the Citizen Force or the commandos.

(2) The registering officer or an officer acting under his authority shall in writing notify every person allotted to the Citizen Force of the name of the unit to which he has been allotted, the date upon which and the place where he is required to commence his first period of continuous service and the duration of such period.

(3) Die registrasiebeampte moet die Hoof van die Leër in kennis stel van die magsnommer, naam en ander persoonlike besonderhede van iedere persoon wat aan die kommando's toegewys, of voor hy met sy diens ingevolgt die Wet begin het, ingevolge artikel 70bis hertoegewys is en bedoelde Hoof moet sodanige persoon aan 'n besondere kommando toewys en hom skriftelik in kennis stel van die naam van die kommando waaraan hy toegewys is, van die datum waarop en plek waar hy met sy eerste tydperk of tydperke van ononderbroke diens moet begin, en die duur van sodanige tydperk of tydperke.

Vrystelling of Uitstel voor Diens begin.

7. Die voorgeskrewe offisier in die voorbehoudsbepaling by artikel 70bis van die Wet bedoel, is die registrasiebeampte.

Aansoek deur 'n Burgermaglid wat ingevolge artikel 21(1) van die Wet met sy Diens begin het.

8. (1) 'n Bevelvoerder moet 'n aansoek wat ingevolge artikel 69(1)(b) van die Wet by hom ingedien is met sy kommentaar en aanbeveling daarvoor aan die Hoof van sy Weermagsdeel of 'n offisier deur hom vir die doel aangewys, voorlê vir aanbeveling en indiening by 'n vrystellingsraad.

(2) Waar iemand wat in die Burgermag dien, op las van 'n vrystellingsraad ingevolge artikel 70bis van die Wet by 'n kommando ingedeel moet word, word hy uit sy eenheid ontslaan en moet die Hoof van die Leër so iemand by 'n kommando indeel en van sodanige indeling verwittig.

Uitstel of Vrystelling van Diens van Vrywillige lede van die Burgermag.

9. (1) 'n Offisier van die Burgermag wat nie ingevolge artikel 21 van die Wet tot diens verplig is nie, en 'n maatskap van daardie Mag wat ingevolge artikel 19 van die Wet dien, doen by sy eenheidsbevelvoerder aansoek om uitstel of vrystelling van enige diens waartoe hy ingevolge artikel 22(4) van die Wet verplig kan word, en 'n belanghebbende persoon kan ten behoeve van sodanige offisier of manskap met of sonder sy toestemming maar met sy wete aansoek doen om sodanige uitstel of vrystelling.

(2) 'n Kommandements- of gelykstaande bevelvoerder kan op die gronde wat hy voldoende ag, sodanige diens of enige deel daarvan tot 'n later datum in dieselfde kalenderjaar uitstel of die betrokke lid van sodanige diens of enige deel daarvan vrystel.

Uitstel of Vrystelling van Diens van 'n Kommandolid wat met sy Diens begin het.

10. (1) 'n Lid van 'n kommando wat ingevolge Hoofstuk VII van die Kommandoregulasies enige diensgeleentheid moet bywoon, kan om vrystelling of uitstel van bywoning van sodanige diensgeleentheid aansoek doen by die bevelvoerder van sy kommando of van die eenheid of opleidingsinrigting waarby hy op daardie tyd stip diens verrig, en 'n belanghebbende persoon kan met of sonder sy toestemming maar met sy wete namens hom vir sodanige vrystelling of uitstel aansoek doen.

(2) Sodanige bevelvoerder kan, met betrekking tot 'n ander diensgeleentheid as 'n kamp, kursus of bivak, uitstel van die bywoning van die betrokke diensgeleentheid na 'n later datum in dieselfde kalenderjaar goedkeur of op die gronde wat hy genoegsaam ag, die betrokke lid van die bywoning daarvan vrystel, en hy moet enige ander aansoek om uitstel of vrystelling na die betrokke kommandementsbevelvoerder verwys.

(3) 'n Kommandementsbevelvoerder—

(a) kan 'n aansoek om uitstel van die bywoning van 'n bivak goedkeur mits hy kan reël dat die betrokke lid in dieselfde kalenderjaar 'n alternatiewe gelyksoortige bivak bywoon;

(b) kan, indien hy nie vir sodanige bywoning reël kan tref nie, 'n lid wat nie ingevolge artikel 35 van die Wet tot diens verplig is nie en nie lid is van 'n kommando-eskader nie, van bywoning van 'n bivak vrystel; en

(3) The registering officer shall notify the Chief of the Army of the force number, name and other personal particulars of every person who has been allotted or, before the commencement of his service in terms of the Act, reallotted in terms of section 70bis of the Act, to the commandos and the said Chief shall allot such person to a particular commando and notify him in writing of the name of the commando to which he has been allotted, the date upon which and place where he is required to commence his first period or periods of continuous service and the duration of such period or periods.

Exemption or Deferment before Service commences.

7. The registering officer shall be the prescribed officer referred to in the proviso to section 70bis of the Act.

Application by a Member of the Citizen Force who has commenced his Service in terms of Section 21(1) of the Act.

8. (1) The commanding officer of the unit concerned, shall refer every application submitted to him in terms of section 69(1)(b) of the Act, with his comment and recommendation thereon, to the Chief of his Arm of the Service or an officer designated by him for the purpose for recommendation and submission to an exemption board.

(2) Where any person serving in the Citizen Force is to be posted to a commando at the direction of an exemption board in terms of section 70bis of the Act, he shall be discharged from his unit, and the Chief of the Army shall post such person to a commando and notify him of such posting.

Deferment of or Exemption from Service of Voluntary Members of the Citizen Force.

9. (1) Any officer of the Citizen Force not liable to service in terms of section 21 of the Act and any other rank of that Force serving in terms of section 19 of the Act, shall apply to his unit commander for deferment of or exemption from any service to which he may be liable in terms of section 22(4) of the Act and any interested person may, on behalf of such officer or other rank with or without his consent but with his knowledge, apply for such deferment or exemption.

(2) An officer commanding a command or an equivalent commander may, on such grounds as he may deem sufficient, defer such service or any part thereof to a later date in the same calendar year or may exempt the member concerned from such service or any part thereof.

Deferment of or Exemption from Service of a Member of a Commando who had commenced his Service.

10. (1) Any member of a commando liable to attend any period of service in terms of Chapter VII of the Commando Regulations, may apply to the commander of his commando or of the unit or training establishment where he is, for the time being, performing service for exemption from or deferment of such attendance and any interested person may, on his behalf with or without his consent but with his knowledge apply for such exemption or deferment.

(2) Such commander may, with reference to any period of service other than a camp, course or bivouac, approve deferment of attendance of the period of service concerned to a later date in the same calendar year, or, on such grounds as he may deem sufficient, exempt the member concerned from the attendance thereof and he shall refer any other application for deferment or exemption to the Officer Commanding the Command concerned.

(3) An Officer Commanding a Command—

(a) may approve an application for deferment of attendance of a bivouac, on condition that he can arrange for the member concerned to attend an alternate similar bivouac in the same calendar year;

(b) may, if he is unable to arrange for such attendance, exempt a member who is not liable for service in terms of section 35 of the Act and is not a member of a commando squadron from attendance of a bivouac; and

(c) moet iedere aansoek wat ingevolge subregulasie (2) na hom verwys is en wat hy nie ingevolge paragraaf (a) of (b) kan afhandel nie, met sy aanbeveling na die Hoof van die Leër verwys.

(4) Die Hoof van die Leër kan, op die gronde wat in artikel 70bis (1) van die Wet bedoel word—

- (a) 'n aansoek om vrystelling goedkeur of dit ooreenkomstig paragraaf (b) of (c) as 'n aansoek om uitstel behandel;
- (b) die uitstel van bywoning van enige betrokke diensgeleentheid goedkeur en die alternatiewe diensgeleentheid van gelyke duur aanwys wat die betrokke lid in dieselfde kalenderjaar ter aanvulling moet bywoon;
- (c) die uitstel van bywoning van 'n diensgeleentheid tot die daaropvolgende kalenderjaar goedkeur;
- (d) 'n aansoek om uitstel as 'n aansoek om vrystelling behandel; of
- (e) enige sodanige aansoek van die hand wys.

Uitstel of Vrystelling op Mediese Gronde.

11. (1) Niemand word van enige diens in die Burgermag of 'n kommando op grond van tydelike mediese ongeskiktheid vrygestel nie tensy sodanige ongeskiktheid tot tevredenheid van die Geneesheer-generaal of 'n offisier wat op sy gesag handel, bewys is: Met dien verstande dat afgesien kan word van die voorlegging van 'n mediese sertifikaat in die geval van enige diensgeleentheid wat as onderbroke diens geld.

(2) Die bevelvoerder van 'n Burgermagedeelte of kommando stel 'n lid daarvan van die bywoning van 'n diensgeleentheid wat as onderbroke diens geld, vry indien so 'n lid tot sy tevredenheid bewys dat hy ten tye van die betrokke diensgeleentheid siek was.

(3) Uitstel van die bywoning van 'n bivak deur 'n lid van 'n kommando kan ingevolge regulasie 10 van hierdie hoofstuk vooraf op mediese gronde goedgekeur word, maar indien 'n lid, terwyl hy 'n bivak bywoon, siek word of 'n besering opdoen, kan die bevelvoerder van die betrokke kommando behoudens artikels 145 en 146 van die Wet op aanbeveling van 'n mediese offisier sodanige lid van die bywoning van die onverstreke gedeelte van die betrokke bivak vrystel.

(4) Indien 'n lid van die Burgermag of 'n kommando, terwyl hy 'n kamp of kursus bywoon wat nie langer as dertig dae duur nie, weens 'n ongeskiktheid, besering of siekte tydelik geneeskundig ongeskik geword het vir diens, word hy vir die duur van sodanige ongeskiktheid van die verrigting van diens vrygestel en kan hy, behoudens die voorskrif van die Hoof van die betrokke Weermagsdeel, deur die bevelvoerder van die kommandement, groep of gelykstaande formasie waarin hy sodanige kamp of kursus bywoon van bywoning van die onverstreke gedeelte van die betrokke kamp of kursus vrygestel word.

(5) Indien 'n lid van die Burgermag of 'n kommando, terwyl hy 'n kamp of kursus bywoon wat langer as dertig dae duur, weens 'n ongeskiktheid, besering of siekte tydelik geneeskundig ongeskik geword het vir diens, word hy vir die duur van sodanige ongeskiktheid van die verrigting van diens vrygestel en kan die Hoof van die betrokke Weermagsdeel—

- (a) in die geval van 'n lid van die Burgermag, by 'n vrystellingsraad aansoek doen om die uitstel van bywoning deur die vrystelling van die betrokke lid van die onverstreke gedeelte van sodanige kamp of kursus; en
- (b) in die geval van 'n lid van 'n kommando, ingevolge regulasie 10(4) van hierdie hoofstuk, uitstel van die onverstreke tydperk van sodanige kamp of kursus of 'n deel daarvan goedkeur, of die lid van die bywoning van sodanige tydperk of 'n gedeelte daarvan vrystel.

(c) shall refer every application referred to him in terms of subregulation (2) and which he is unable to dispose of in terms of paragraph (a) or (b), with his recommendations to the Chief of the Army.

(4) The Chief of the Army may, on the grounds referred to in section 70bis of the Act—

- (a) approve an application for exemption or deal with it in terms of paragraph (b) or (c) as an application for deferment;
- (b) approve the deferment of attendance of any period of service concerned and designate the alternate period of service of equal duration which the member concerned shall be required to attend in the same calendar year;
- (c) approve the deferment of attendance of any period of service to the next succeeding calendar year;
- (d) deal with an application for deferment as an application for exemption; or
- (e) refuse any such application.

Deferment or Exemption on Medical Grounds.

11. (1) No person shall on grounds of temporary medical unfitness be exempted from any service in the Citizen Force or the commandos unless such unfitness had been proved to the satisfaction of the Surgeon General or an officer acting under his authority: Provided that the submission of a medical certificate may be dispensed with in the case of any period of service counting as non-continuous service.

(2) The Commander of a Citizen Force unit or a commando shall exempt a member thereof from attendance of any period of service counting as non-continuous service, where such member has proved to his satisfaction that he was ill at the time of the period of service concerned.

(3) Deferment from attendance of a bivouac by a member of a commando may, on medical grounds, in terms of regulation 10 of this chapter be approved in advance, but where a member becomes ill or sustains an injury while he is attending a bivouac, the commander of the commando concerned may, subject to sections 145 and 146 of the Act, on the recommendation of a medical officer, exempt such member from attendance of the unexpired portion of the bivouac concerned.

(4) Where any member of the Citizen Force or a commando while attending a camp or course not more than thirty days in duration, has become temporarily medically unfit for service owing to any disability, injury or illness, he shall be exempted from the performance of service for the duration of such unfitness and he may, subject to the directions of the Chief of the Arm of the Service concerned, be exempted from attending the unexpired portion of the camp or course concerned, by the commander command, group or equivalent formation in which he is attending such camp or course.

(5) Where any member of the Citizen Force or a commando, while attending a camp or course of more than twenty-six days duration, has become temporarily medically unfit for service as a result of any disability, injury or illness, he shall be exempted from the performance of service for the duration of such unfitness and the Chief of the Arm of the Service concerned may—

- (a) in the case of a member of the Citizen Force, apply to an exemption board for the deferment of attendance by or exemption of the member concerned from the unexpired period of such camp or course; and
- (b) in the case of a member of a commando, approve the deferment of the unexpired period of such camp or course or any portion thereof in terms of regulation 10(4) of this chapter, or exempt such member from attendance of such period or any portion thereof.

No. R. 1253.] [18 Augustus 1967.
WYSIGING VAN DIE BURGERMAGREGULASIES.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens artikel 87(1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die Burgermagregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1031 gedateer 25 Junie 1926, soos gewysig, soos volg te wysig:—

HOOFSTUK I.

Regulasie 4.

Vervang in regulasie 4 die syfers en woorde „XVIII. Loting en Toewysing van Burgers.” deur die syfers en woorde „XVIII. Mediese Aangeleentheid.”.

Regulasie 5.

Voeg die volgende nuwe woordbepalings in alfabetiese volgorde in regulasie 5 (1) in:—

- „, diensgeleentheid’ ’n diensgeleentheid bedoel in regulasie 2(2) van Hoofstuk VII van hierdie regulasies;
- , professionele hoedanigheid’, met betrekking tot die klassifikasie of indeling van ’n offisier, dat so ’n offisier vanweë sy akademiese of ander kwalifikasies of eienskappe onder die professionele onderafdeling van die Tegniese en Administratiewe Tak van die Mag geklassifiseer is vir indeling en diens in ’n professionele pos;
- , professionele offisier’, ’n offisier wat in ’n professionele hoedanigheid geklassifiseer en ingedeel is in en die bekleër is van ’n professionele pos;
- , professionele pos’ ’n offisierspos wat as sodanig gegradeer is weens die spesiale akademiese of ander kwalifikasies of eienskappe wat vereis word vir die verrigting van die pligte daaraan verbonde;
- , substantiewe rang’ die rang waarin ’n lid aangestel of ingeskryf, of waartoe hy kragtens hierdie regulasies bevorder is en wat hom nie sonder sy toestemming ontnem kan word nie behalwe ingevolge artikel 105(3) van die Wet of ’n vonnis van ’n bevoegde militêre hof;”.

HOOFSTUK III.

Vervang die bestaande Hoofstuk III deur die volgende nuwe Hoofstuk III:—

„HOOFSTUK III.

OFFISIERS.

AANSTELLING, BEVORDERING, BEVELVOERING EN VOORRANG, OORPLASING EN BEEÏNDIGING VAN DIENS.

Range.

1. (1) Die range in die tabel hieronder uiteengesit, kan behoudens die ander bepalinge van hierdie regulasie aan offisiere van die Mag toegeken word:—

TABEL.

Leër.	Lugmag.	Vloot.
Generaal.	Generaal.	Admiraal.
Luitenant-generaal.	Luitenant-generaal.	Vise-admiraal.
Veggeneraal.	Veggeneraal.	Skout-admiraal.
Brigadier.	Brigadier.	Kommodoor.
Kolonel.	Kolonel.	Kaptein.
Kommandant.	Kommandant.	Kommandeur.
Majoor.	Majoor.	Luitenant-kommandeur.
Kaptein.	Kaptein.	Luitenant.
Veldkornet.	Luitenant.	Onder-luitenant.
Assistent-veldkornet.	Twedeluitenant.	Vaandrig.

(2) Iedere sodanige rang neem voorrang na die rang wat dit in die betrokke kolom van die tabel voorafgaan en staan gelyk aan die ooreenstemmende rang in iedere ander kolom van die tabel.

(3) Iedere rang in subregulasie (1) bedoel, sluit ook enige ander benaming van sodanige rang in wat, ten opsigte van enige gedeelte of korps van die SAW en met betrekking tot militêre tradisie, deur enige ander regulasie voorgeskryf of deur die Kommandant-generaal, SAW, goedgekeur en in SAW-orders gepubliseer is.

(4) Enige verwysing in hierdie regulasies na ’n rang, sluit ook dié rang in wat ingevolge hierdie regulasie daaraan gelyk staan, tensy uit die samehang anders blyk.

No. R. 1253.] [18 August 1967.
AMENDMENT TO THE CITIZEN FORCE REGULATIONS.

The Acting State President has been pleased in terms of section 87(1) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to amend the Citizen Force Regulations promulgated by Government Notice No. 1031, dated 25 June, 1926, as amended, as follows:—

CHAPTER I.

Regulation 4.

Substitute in regulation 4 for the figures and words “XVIII. Ballot and Allotment of Citizens for Peace Training” the figures and words “XVIII. Medical Matters”.

Regulation 5.

Insert the following new definitions in regulation 5(1) in alphabetical sequence:—

- “ ‘Professional capacity’, in relation to the classification or posting of an officer, means that such officer has, on account of his academic or other qualifications or attributes, been classified in the professional subsection of the Technical and Administrative Branch of the Force for posting and service in a professional post;
- ‘professional officer’ means an officer who has been classified in a professional capacity and has been posted to and is occupying a professional post;
- ‘professional post’ means an officer’s post graded as such because of the special academic or other qualifications or attributes required for the performance of the duties attaching thereto;
- ‘period of service’ means the period of service referred to in regulation 2(2) of Chapter VII of these regulations;
- ‘substantive rank’ means the rank in which a member has been appointed or enrolled or to which he has been promoted in terms of these regulations and of which he cannot, without his consent, be deprived except in terms of section 105(3) of the Act or a sentence of a competent military court;”.

CHAPTER III.

For the existing Chapter III substitute the following new Chapter III:—

CHAPTER III.

OFFICERS.

APPOINTMENT, PROMOTION, COMMAND AND PRECEDENCE, TRANSFER AND TERMINATION OF SERVICE.

Ranks.

1. (1) The ranks set out in the table hereunder may, subject to the other provisions of this regulation, be conferred on officers of the Force:—

TABEL.

S.A. Army.	S.A. Air Force.	S.A. Navy.
General.	General.	Admiral.
Lieutenant General.	Lieutenant General.	Vice Admiral.
Combat General.	Combat General.	Rear Admiral.
Brigadier.	Brigadier.	Commodore.
Colonel.	Colonel.	Captain.
Kommandant.	Kommandant.	Commander.
Major.	Major.	Lieutenant Commander.
Captain.	Captain.	Lieutenant.
Field Cornet.	Lieutenant.	Sub Lieutenant.
Assistant Field Cornet.	Second Lieutenant.	Ensign.

(2) Every such rank takes precedence after the rank which precedes it in the column concerned and is equivalent to the corresponding rank in every other column of the table.

(3) Each rank referred to in subregulation (1) shall include also every other designation of such rank which has in respect of any particular portion or corps of the South African Defence Force and with regard to military tradition, been prescribed by any other regulation or been approved by the Commandant General, SADF, and published in SADF Orders.

(4) Any reference in these regulations to any rank shall, unless the context otherwise indicates, include also the rank which in terms of this regulation is equivalent thereto.

Voorrang.

2. (1) Offisiere neem voorrang ooreenkomstig hulle range soos deur regulasie 1 van hierdie hoofstuk bepaal en offisiere van dieselfde rang neem voorrang onderling ooreenkomstig hulle ansiënniteit soos deur regulasie 8 van hierdie hoofstuk bepaal: Met dien verstande dat—

- (a) 'n offisier wat bevel uitoefen voorrang geniet bo al die offisiere onder sy bevel;
- (b) 'n manspersoon voorrang geniet bo 'n vrouspersoon van gelyke rang, ongeag die datum van sy aanstelling in of bevordering tot daardie rang of die deel van die SAW waarin hy dien;
- (c) ondanks sy rang, 'n mediese of tandheelkundige offisier in die uitvoering van sy professionele pligte voorrang geniet bo enige offisiervreemde;
- (d) 'n offisier wat in 'n veghoedanigheid geklassifiseer of ingedeel is, in gevegsomstandighede bevel uitoefen ondanks die aanwesigheid van sy senior van dieselfde rang wat nie aldus geklassifiseer of ingedeel is nie; en
- (e) 'n offisier van een weermagsdeel nie bevel uitoefen oor enige deel van 'n ander weermagsdeel nie, tensy hy aldus bevel uitoefen uit hoofde van die aard van sy aanstelling of spesifiek aangesê is om aldus bevel uit te oefen.

(2) 'n Offisier van die Staande Mag wat enige substantiewe of tydelike rang beklee, is, ondanks die datum van sy aanstelling in of bevordering tot daardie rang, die senior van alle offisiere van die Burgermag, 'n kommando of die Reserwe wat dieselfde of gelykstaande rang beklee, en offisiere van die Burgermag, die kommando's en die Reserwe is onderling geregtig op voorrang in ooreenstemming met hulle persoonlike ansiënniteit soos in regulasie 8 van hierdie hoofstuk bepaal.

(3) Hierdie regulasie word nie so uitgelê as sou dit 'n vrouspersoon toelaat om bevel of gesag uit te oefen oor enige manspersoon nie, behalwe—

- (a) dat, waar sodanige vrouspersoon 'n mediese offisier of 'n lid van die SAMVD is, sy met betrekking tot 'n manspersoon wat 'n pasiënt is, die gesag uitoefen wat nodig is in verband met sy geneeskundige of ander behandeling of in verband met die dissipline van enige hospitaal of ander inrigting wat vir die versorging van siekes, beseerdes of gewondes opgerig is; of
- (b) in enige ander geval, met die uitdruklike goedkeuring van die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling of 'n offisier wat op sy gesag handel.

(4) 'n Offisier in bevel van 'n skip of vliegtuig oefen, ondanks sy rang, vir die duur van enige vaart of vlug met betrekking tot enige aangeleentheid wat in verband staan met die geslaagde voltooiing van sodanige vaart of vlug, gesag oor die bemanning en al die passasiers in sodanige skip of vliegtuig uit.

Kwalifikasies vir Aanstelling.

3. (1) Niemand word in die Mag as offisier aangestel tensy hy—

- (a) voldoen aan 'n peil van geneeskundige geskiktheid wat die Geneesheer-generaal vir diens in die betrokke eenheid, korps of tak van die Mag bepaal het;
- (b) behoudens artikel 17(4) van die Wet en subregulasie (2) die Kommandant-generaal, SAW of 'n offisier wat hy vir die doel aangewys het, oortuig het soos by artikel 17(1) van die Wet bepaal;
- (c) minstens die skoolleidsertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat verwerf het of die Minister anders gelas; en
- (d) oor die ander eienskappe en kwalifikasies beskik wat, volgens die oordeel van die Kommandant-generaal, SAW, nodig is vir die uitvoering van die pligte van die pos waarin hy aangestel staan te word.

(2) Iemand wat voldoen aan die vereistes wat ingevolge regulasie 4(5) van Hoofstuk III van die Regulasies vir die Staande Mag bepaal is vir die aanstelling as 'n professionele offisier in 'n professionele werksindeling wat deur die

Precedence.

2. (1) Officers shall take precedence according to their ranks as determined by regulation 1 of this chapter, and officers of the same rank shall mutually take precedence according to their seniority as determined by regulation 8 of this chapter: Provided that—

- (a) an officer exercising command shall take precedence over all officers under his command;
- (b) a male officer shall take precedence over any female officer of equivalent rank irrespective of the date of his appointment or promotion to that rank or the part of the South African Defence Force in which he is serving;
- (c) a medical or dental officer shall, notwithstanding his rank, in the execution of his professional duties take precedence over any nursing officer;
- (d) under combat conditions an officer classified or mustered in a combatant capacity shall exercise command notwithstanding the presence of his senior of the same rank who is not thus classified or mustered; and
- (e) an officer of one Arm of the Force shall not exercise command over any part of another Arm of the Force, unless he thus exercises command by virtue of the nature of his appointment or has specifically been ordered thus to exercise command.

(2) An officer of the Permanent Force holding any substantive or temporary rank shall, notwithstanding the date of his appointment in or promotion to such rank, be the senior of all officers of the Citizen Force, the commandos or the Reserve holding the same or equivalent rank, and officers of the Citizen Force, the commandos and the Reserve shall mutually be entitled to precedence according to their personal seniority as determined in terms of regulation 8 of this chapter.

(3) This regulation shall not be construed so as to permit of a female person exercising command or authority over any male person, except—

- (a) that, where such female person is a medical officer or a member of the SAMNS, she shall in relation to any male person who is a patient, exercise such authority as may be necessary in connection with his medical or other treatment or in connection with the discipline of any hospital or other institution established for the care of the sick, injured or wounded; or
- (b) in any other case with the express approval of the Head of the Arm of the Force or Section concerned or an officer acting on his authority.

(4) An officer in command of a ship or aircraft shall, irrespective of his rank, for the duration of any voyage or flight exercise authority over the crew and all passengers on such ship or aircraft in connection with any matter relating to the successful completion of such voyage or flight.

Qualifications for Appointment.

3. (1) No person shall be appointed as an officer in the Force unless he—

- (a) complies with a standard of medical fitness determined by the Surgeon General for service in the unit, corps or branch of the Force concerned;
- (b) has, subject to section 17(4) of the Act and subregulation (2), satisfied the Commandant General SADF, or an officer designated by him for the purpose as required by section 17(1) of the Act;
- (c) has attained at least the school leaving or equivalent certificate, unless the Minister otherwise directs; and
- (d) possesses the other qualities and qualifications which, in the opinion of the Commandant General, SADF, are necessary for the execution of the duties attaching to the post in which he is due to be appointed.

(2) Any person who complies with the requirements determined in terms of regulation 4(5) of Chapter III of the Permanent Force Regulations for appointment as a professional officer in any professional mustering which

Staatsdienskommissie ingevolge artikel 82*bis* van die Wet vir toepassing op die Mag aanbeveel is, kan met behoorlike inagneming van sy professionele ansiënteit en ondervinding as 'n professionele offisier in 'n toepaslike professionele pos op die diensstaat aangestel word.

Aanstelling as Offisier.

4. (1) 'n Lid of ander persoon kan, behoudens artikel 17 van die Wet en die ander bepalings van hierdie regulasie, op gesag van die Minister as 'n offisier in die Mag aangestel word en die Minister bepaal of sodanige aanstelling in 'n permanente of tydelike hoedanigheid gedoen moet word.

(2) Iedere eerste permanente aanstelling van 'n offisier is op proef vir 'n tydperk van twee jaar, waarna sodanige aanstelling bekragtig of die proeftydperk vir hoogstens nog twee jaar verleng kan word.

(3) 'n Lid wie se aanstelling in kommissierang (uitgenome uit hoofde van 'n vonnis van kassering of afdanking uit die SAW, deur 'n bevoegde hof gevel) beëindig word gedurende 'n tydperk waarin hy ingevolge artikel 21 van die Wet verplig is om te dien, gaan tot die verstryking van bedoelde tydperk as manskap voort om te dien in 'n rang wat kragtens hierdie regulasies bepaal kan word.

(4) 'n Offisier wat in die kommando's of die Reserwe dien, kan, behoudens regulasie 16 van hierdie hoofstuk, op gesag van die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier wat hy vir die doel aangewys het, in die Mag aangestel word.

(5) Die rang van 'n offisier wat ingevolge subregulasie (1) of (4) aangestel word, word met inagneming van sy ouderdom, militêre en beroepservaring en kwalifikasies bepaal.

(6) By die toepassing van artikel 146B van die Wet is die Hoof van Weermagsadministrasie die voorgeskrewe offisier.

Aanstellings in Goedgekeurde Poste.

5. Die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan enige offisier wat ingevolge hierdie hoofstuk dien, aanstel in enige pos waarvoor sodanige offisier gekwalifiseer is: Met dien verstande dat niemand sonder die goedkeuring van die Minister as bevelvoerder of as tweede-in-bevel van 'n regiment of soortgelyke eenheid of van 'n kommandement of ander formasie aangestel mag word nie.

Aanstelling in Bevelsposte.

6. (1) Iedere aanstelling as bevelvoerder of as tweede-in-bevel van 'n regiment, eenheid, kommandement of formasie in regulasie 5 van hierdie hoofstuk bedoel, geskied op proef vir 'n tydperk van twaalf maande en is onderworpe aan die voorwaardes ten opsigte van die bedrewenheid van die betrokke offisier in die gebruik van die twee amptelike tale van die Republiek wat die Minister mag bepaal.

(2) Die Minister kan sodanige proeftydperk op aanbeveling van die Kommandant-generaal, SAW, vir 'n verdere tydperk van hoogstens twaalf maande verleng.

(3) Indien dit te eniger tyd gedurende 'n proeftydperk in subregulasie (1) en (2) bedoel, vir die Minister blyk dat die betrokke offisier nie bevoeg is om as bevelvoerder of tweede-in-bevel, na gelang van die geval, te dien nie, kan hy die betrokke aanstelling onverwylde beëindig.

(4) Die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan aan die einde van die proeftydperk in subregulasie (1) of (2) bedoel, behoudens voldoening aan enige voorwaardes ten opsigte van taalbedrewenheid en as hy die betrokke offisier gekwalifiseer ag om die pligte verbonde aan die betrokke pos uit te voer, sodanige offisier se aanstelling bekragtig met ingang van die datum waarop die Minister sy aanstelling op proef goedgekeur het.

(5) 'n Bevelvoerder van 'n regiment, eenheid, kommandement of formasie in regulasie 5 van hierdie hoofstuk bedoel, word nie vir 'n tydperk van langer as vyf jaar as sodanig aangestel nie: Met dien verstande dat die Minister sodanige aanstelling onder buitengewone omstandighede kan verleng.

has been recommended by the Public Service Commission in terms of section 82*bis* of the Act for application to the Force, may, with due regard to his professional seniority and experience, be appointed as a professional officer in any appropriate professional post on the establishment.

Appointment as Officer.

4. (1) A member or other person may, subject to section 17 of the Act and the other provisions of this regulation, upon the authority of the Minister, be appointed as an officer in the Force and the Minister shall determine whether such appointment shall be made in a substantive or temporary capacity.

(2) Every first permanent appointment of an officer shall be on probation for a period of two years, after expiry of which such appointment may be confirmed or the probationary period extended for a further period not exceeding two years.

(3) A member whose commissioned appointment is terminated (except in pursuance of a sentence of cashiering or dismissal from the South African Defence Force imposed by a competent court) during a period in which he is liable to serve in terms of section 21 of the Act, shall continue to serve as an other rank until the expiry of the said period in any rank determined in terms of these regulations.

(4) An officer serving in the commandos or the Reserve, may, subject to regulation 16 of this chapter, be appointed in the Force on authority of the Commandant General, SADF, or an officer designated by him for the purpose.

(5) The rank of an officer appointed in terms of subregulation (1) or (4) shall be determined with due regard to his age, military and professional experience and qualifications.

(6) For the purposes of section 146B of the Act, the Chief of Defence Force Administration shall be the prescribed officer.

Appointments in Approved Posts.

5. The Commandant General, SADF, or an officer acting under his authority may appoint any officer, serving in terms of this chapter, to any post for which such officer is qualified: Provided that no appointment in command or as second-in-command of a regiment or any similar unit or of any command or other formation shall be made without the approval of the Minister.

Appointments in Command.

6. (1) Every appointment in command of or as a second-in-command of a regiment, unit, command or formation referred to in regulation 5 of this chapter shall be on probation for a period of twelve months and is subject to such conditions in respect of the proficiency of the officer concerned in the use of both official languages of the Republic as the Minister may determine.

(2) The Minister may, on the recommendation of the Commandant General, SADF, extend such period of probation for a further maximum period of twelve months.

(3) If at any time during the probationary period referred to in subregulations (1) and (2) it appears to the Minister that the officer concerned is not competent to serve as a commander or second-in-command, as the case may be, he may terminate the appointment concerned forthwith.

(4) The Commandant General, SADF, or an officer acting under his authority, may at the end of the probationary period referred to in subregulation (1) or (2), subject to compliance with any conditions concerning language proficiency and if he considers the officer concerned qualified to perform the duties applicable to the post concerned, confirm his appointment with effect from the date on which the Minister approved his appointment on probation.

(5) A commander of a regiment, unit, command or formation referred to in regulation 5 of this chapter shall not be appointed as such for a period exceeding five years: Provided that the Minister may in exceptional circumstances extend such appointment.

Aanstelling van 'n Erekolonel.

7. (1) 'n Erekolonel kan met die goedkeuring van die Minister, op die wyse wat die Hoof van Weermagsadministrasie kan bepaal, vir 'n vegeenheid van die Mag aangestel word.

(2) 'n Aanstelling as 'n Erekolonel verleen geen militêre status of bevelsbevoegdheid aan die bekleër daarvan nie maar 'n Erekolonel kan by die geleentheid wat die Hoof van Weermagsadministrasie bepaal, die uniform van die betrokke eenheid dra.

Ansiënniteit.

8. (1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie regulasie, word 'n offisier (met inbegrip van 'n offisier aan wie tydelike kommissierang kragtens artikel 83 van die Wet toegeken is) wat 'n substantiewe of tydelike rang beklee, se ansiënniteit in verhouding tot ander offisiere van dieselfde of gelykstaande substantiewe of tydelike rang, bepaal deur die datum van sy aanstelling in of bevordering tot sodanige substantiewe of tydelike rang: Met dien verstande dat 'n offisier wat substantiewe rang beklee, die senior is van alle offisiere wat 'n tydelike rang van dieselfde of gelykstaande graad beklee.

(2) Indien twee of meer offisiere kragtens regulasie 4 van hierdie hoofstuk op dieselfde datum in dieselfde rang aangestel word, kan die volgorde van hul ansiënniteit deur die Hoof van Weermagsadministrasie bepaal word.

(3) Wanneer twee of meer offisiere op dieselfde datum tot dieselfde substantiewe of tydelike rang bevorder word, behou hulle onderling die ansiënniteit wat hulle onmiddellik voor sodanige bevordering in 'n substantiewe rang gehad het.

(4) 'n Offisier wat van een weermagsdeel, diensvertakking of korps na 'n ander weermagsdeel, diensvertakking of korps oorgeplaas word, verbeur nie daardeur sy ansiënniteit nie.

Bevordering.

9. (1) Die Minister of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan 'n offisier op grondslag van sy kwalifikasies, bekwaamheid en ansiënniteit bevorder mits hy voldoen het aan die vereistes met betrekking tot militêre kennis en bekwaamheid wat die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling ingevolge Hoofstuk VII van hierdie regulasies vir die doel bepaal het.

(2) 'n Professionele offisier wat dien ingevolge regulasie 3 van hierdie hoofstuk kan, met behoorlike inagneming van sy ansiënniteit en ondervinding in sy beroep en behoudens sodanige vereistes met betrekking tot militêre kennis en bekwaamheid as wat deur die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling ingevolge Hoofstuk VII van hierdie regulasies bepaal kan word, tot 'n professionele pos op die diensstaat van die Mag bevorder word.

Tydelike Hoër Rang.

10. (1) Die Minister of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan hoër rang tydelik toeken aan 'n offisier wat—

- (a) aangestel word in 'n pos waaraan 'n hoër rang verbonde is as die rang wat sodanige offisier beklee; of
- (b) belas is met pligte van 'n belangriker aard as dié wat gewoonlik aan 'n offisier van sy rang toegewys word.

(2) Die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig, kan in dwingende omstandighede, waar 'n hoër rang volgens sy oordeel nodig is, die gepaste hoër rang tydelik aan 'n offisier toeken.

Spesiale Gevalle (Aanstelling en Bevordering).

11. Ondanks 'n andersluidende bepaling in hierdie hoofstuk, kan die Minister op aanbeveling van die Kommandant-generaal, SAW, in uitsonderlike omstandighede die aanstelling in of bevordering tot offisiërsrang van enige offisier goedkeur op die voorwaardes wat hy kan bepaal.

Appointment of Honorary Colonel.

7. (1) An honorary colonel may, with the approval of the Minister, be appointed to a combat unit of the Force in such manner as may be determined by the Chief of Defence Force Administration.

(2) An appointment as an honorary colonel shall confer no military status or power of command on the holder thereof but an honorary colonel shall be entitled to wear the uniform of the unit concerned on such occasions as may be determined by the Chief of Defence Force Administration.

Seniority.

8. (1) Except as otherwise provided in this regulation, the seniority of any officer (including an officer on whom temporary commissioned rank has been conferred under section 83 of the Act) in any substantive or temporary rank, shall, in relation to other officers of the same or equivalent substantive or temporary rank, be determined by the date of his appointment or promotion to such substantive or temporary rank: Provided that any officer holding substantive rank shall be senior to all officers holding temporary rank of the same or equivalent grade.

(2) If two or more officers are, in terms of regulation 4 of this chapter, appointed in the same rank on the same date, the order of their seniority may be determined by the Chief of Defence Force Administration.

(3) If two or more officers are promoted to the same substantive or temporary rank on the same date, they shall mutually retain the seniority which they held in substantive rank immediately prior to such promotion.

(4) No officer transferred from any branch, Arm of the Force or corps to any other branch, Arm of the Force or corps, shall in consequence thereof forfeit his seniority.

Promotion.

9. (1) The Minister or an officer authorised thereto by him, may promote any officer on the basis of his qualifications, ability and seniority on condition that he has complied with the requirements relating to military knowledge and proficiency determined for the purpose by the Head of the Arm of the Force or Section concerned in terms of Chapter VII of these regulations.

(2) A professional officer serving in terms of regulation 3 of this chapter may, with due regard to his seniority and experience in his profession and subject to such requirements relating to military knowledge and proficiency as may be determined by the Head of the Arm of the Force or Section concerned in terms of Chapter VII of these regulations, be promoted in a professional post on the establishment of the Force.

Temporary Higher Rank.

10. (1) The Minister or an officer authorised thereto by him may temporarily confer higher rank on an officer who—

- (a) is appointed to a post to which a higher rank attaches than the rank held by such officer; or
- (b) is charged with duties of a more important nature than those normally allotted to an officer of his rank.

(2) The Commandant General, SADF, or an officer authorised thereto by him may, in constraining circumstances where, in his opinion, a higher rank is necessary, temporarily grant the appropriate higher rank to any officer.

Special Cases (Appointment and Promotion).

11. Notwithstanding anything to the contrary in this chapter, the Minister may in exceptional circumstances on the recommendation of the Commandant General, SADF, approve the appointment to or promotion in commissioned rank of any officer on such conditions as he may determine.

Indelings, Oorplasinge en Verplasinge.

12. 'n Offisier kan, behoudens artikels 95 en 138 van die Wet, te eniger tyd—

- (a) by enige pos in die Mag ingedeel word;
- (b) uit enige pos of uit enige weermagsdeel, korps, diensvertakking of klassifikasie in die Mag na 'n ander pos, weermagsdeel, korps, diensvertakking of klassifikasie in die Mag oorgeplaas word;
- (c) tydelik toegevoeg word by enige eenheid, depot of ander inrigting van die SAW vir diens of opleiding; of
- (d) terwyl hy ononderbroke diens of diens ingevolge Hoofstuk X van die Wet verrig, van enige plek na enige ander plek verplaas word.

Terugstelling in Rang by Oorplasing.

13. Behoudens die bepalings van artikel 52(1) van die Wet kan daar van 'n offisier wat uit enige weermagsdeel, dienswapen, diensvak of diensvertakking na 'n ander weermagsdeel, dienswapen, diensvak of diensvertakking oorgeplaas word, vereis word om na 'n laer rang terug te keer tensy die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling wat die weermagsdeel, dienswapen, diensvak of diensvertakking beheer waarheen sodanige offisier oorgeplaas word, daarvan oortuig is dat sodanige offisier gekwalifiseer is om sy rang te behou.

Verandering van Adres.

14. 'n Offisier wat van adres verander, stel sy bevelvoerder binne veertien dae vanaf die verandering skriftelik daarvan in kennis.

Algemene Lys.

15. (1) 'n Offisier wat die Kommandant-generaal, SAW, vir die doel aanwys, hou 'n Algemene Lys waarin die naam opgeneem word van enige offisier, uitgesonderd 'n offisier wat ingevolge artikel 20 van die Wet dien, wat om 'n rede wat die Kommandant-generaal, SAW, of sodanige aangewese offisier voldoende ag, tydelik nie in 'n goedgekeurde pos op die diensstaat van die Mag dien nie.

(2) Die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling of 'n offisier vir die doel deur hom aangewys word geag die bevelvoerder te wees van 'n offisier wie se naam in die Algemene Lys opgeneem is, en sodanige bevelvoerder kan die betrokke offisier verplig om diens ingevolge artikel 22 van die Wet, saamgelees met Hoofstuk VII van hierdie regulasies, te doen en kan hom vir sodanige diens by enige eenheid van die SAW toevoeg.

(3) Die naam van 'n offisier—

(a) word uit die Algemene Lys verwyder sodra hy in 'n pos op die diensstaat van die Mag aangestel of sy diens om enige rede beëindig word; en

(b) kan uit die Algemene Lys verwyder word—

(i) in die geval van 'n offisier wat vrywillig in die Mag dien, nadat 'n tydperk van ses jaar sedert sy jongste aanstelling in offisersrang verstryk het; en

(ii) in die geval van 'n offisier wat ingevolge artikel 21 van die Wet doen, na die verstryking van die tydperk wat hy aldus verplig is om te dien,

en die verwydering van 'n offisier se naam kragtens paragraaf (b) beëindig die diens van die betrokke offisier in die Mag.

Ouderdom van Uitdienstreding.

16. Behoudens die bepalings van regulasie 14 van Hoofstuk XVII van hierdie regulasies is die ouderdom vir verpligte uitdienstreding—

- | | |
|---|----------|
| (a) vir veldkornette en kapteins van die Tak Algemene Diens | 51 jaar; |
| (b) vir majors van die Tak Algemene Diens | 55 jaar; |
| (c) vir alle ander offisiere | 60 jaar. |

Burgermagreserwe.

17. (1) Enige offisier wat in die Burgermag gedien het en geneeskundig geskik is, kan ooreenkomstig artikel 48 van die Wet met ingang van die dag na die dag waarop sy diens in die Burgermag beëindig word, na die Burgermagreserwe oorgeplaas word en aldus oorgeplaas, dien hy

Postings, Transfers and Moves.

12. An officer may at any time, subject to the provisions of sections 95 and 138 of the Act—

- (a) be posted to any post in the Force,
- (b) be transferred from any post or from one Arm of the Force, corps, branch of the service or classification in the Force to any other post, Arm of the Force, corps, branch of the service or classification in the Force;
- (c) be temporarily attached to any unit, depot or other establishment of the South African Defence Force for service or training; or
- (d) while rendering continuous service or service in terms of Chapter X of the Act, be moved from any place to any other place.

Reversion in Rank on Transfer.

13. Subject to the provisions of section 52(1) of the Act, an officer may be required to revert to a lower rank on being transferred from any Arm of the Force, arm, service or branch to any other Arm of the Force, arm, service or branch unless the Head of the Arm of the Force or Section controlling the Arm of the Force, arm, service or branch to which such officer is transferred is satisfied that such officer is qualified to retain his rank.

Change in Address.

14. An officer who changes his address shall notify his commanding officer thereof in writing within fourteen days of such change.

General List.

15. (1) An officer designated by the Commandant General, SADF, for the purpose, shall maintain a General List in which shall be included the name of any officer, other than an officer serving in terms of section 20 of the Act, who for any reason approved by the Commandant General, SADF, or such designated officer, is temporarily not serving in an approved post on the establishment of the Force.

(2) The Head of the Arm of the Force or Section concerned or an officer designated by him for the purpose shall be deemed to be the commanding officer of an officer whose name is included in the General List and such commanding officer may require the officer concerned to render service in terms of section 22 of the Act read with Chapter VII of these regulations, and may attach him for such service to any unit of the South African Defence Force.

(3) The name of an officer—

(a) shall be removed from the General List when he is appointed in a post on the establishment of the Force or when his service is terminated for any reason; and

(b) may be removed from the General List—

(i) in the case of an officer serving voluntarily in the Force, after a period of six years has expired since his latest appointment in commissioned rank; and

(ii) in the case of an officer serving in terms of section 21 of the Act, after the period which he is thus liable to serve has elapsed.

and the removal of an officer's name in terms of paragraph (b) shall terminate the service of the officer concerned in the Force.

Age of Retirement.

16. Subject to the provisions of regulation 14 of Chapter XVII of these regulations, the age limits for compulsory retirement shall be—

- | | |
|---|-----------|
| (a) for field cornets and captains of the General Duties Branch | 51 years; |
| (b) for majors of the General Duties Branch | 55 years; |
| (c) for all other officers | 60 years. |

Citizen Force Reserve.

17. (1) Any officer who has served in the Citizen Force and is medically fit may, in accordance with section 48 of the Act, be transferred to the Citizen Force Reserve with effect from the day following upon that on which his service in the Citizen Force is terminated and shall, if so

daarin tot die laaste dag van Desember in sy vyf-en-sestigste jaar of totdat hy deur die Geneesheer-generaal permanent geneeskundig ongeskik vir diens verklaar word.

(2) Elke offisier van die Burgermagreserwe moet hom jaarliks in die maand Junie skriftelik by die Hoof van Weermagsadministrasie aanmeld en moet die Hoof van Weermagsadministrasie van enige verandering in sy permanente adres in kennis stel binne veertien dae nadat so 'n verandering plaasgevind het.

(3) Enige burger wat as offisier in die Mag gedien het, kan by bedanking van sy kommissie—

(a) indien hy bedank terwyl hy in die Mag dien, ingevolge regulasie 38 van Hoofstuk IV van hierdie regulasies as 'n manskap na die Burgermagreserwe oorgeplaas word sodra sodanige bedanking van krag word ingevolge artikel 83, gelees met artikel 17 van die Wet; of

(b) indien hy aldus bedank terwyl hy lid van bedoelde Reserwe is, verplig word om sy dienstrydperk daarin as manskap te voltooi.

(4) Terwyl 'n lid van die Burgermagreserwe ingevolge artikel 51 of Hoofstuk X van die Wet diens doen, word hy vir die toepassing van hierdie regulasies geag 'n lid van die Mag te wees.”

HOOFSTUK IV.

Vervang die bestaande Hoofstuk IV deur die volgende nuwe Hoofstuk IV:—

„HOOFSTUK IV.
MANSKAPPE.

Range en Voorrang.

1. (1) Die range wat in onderstaande tabel gemeld word, kan, behoudens die ander bepalings van hierdie regulasie, aan manskappe van die Mag toegeken word: Met dien verstande dat—

- (a) al daardie range laer is as offisierrang;
- (b) elke sodanige rang laer is as die rang waardeur dit in die betrokke kolom van die tabel voorafgegaan word; en
- (c) elke sodanige rang in elke kolom gelyk staan met die rang wat in elke ander kolom van die tabel in rangorder daarmee ooreenstem:—

<i>SA Leër.</i>	<i>SA Lugmag</i>	<i>SA Vloot.</i>
Adjutant-offisier klas I.	Adjutant-offisier klas I.	Adjutant-offisier klas I.
Adjutant-offisier klas II.	Adjutant-offisier klas II.	Adjutant-offisier klas II.
Stafersant.	Vlugsersant.	Eerste onderoffisier.
Sersant.	Lugsersant.	Onderoffisier.
Korporaal.	Lugkorporaal.	Baasseeman.
Onderkorporaal.	Baaslugwerktuig- kundige.	Bevare Seeman 1ste klas.
Weerman	Lugwerktuigkundige.	Bevare Seeman 2de klas.

(2) Elke rang in subregulasie 1 genoem, sluit ook elke ander benaming van sodanige rang in wat met inagneming van militêre tradisie ten opsigte van 'n bepaalde deel of korps van die Mag in enige regulasie bepaal of deur die Kommandant-generaal, SAW, goedgekeur kan word.

(3) Waar daar in hierdie regulasies melding van 'n rang gemaak word, word daar, tensy uit die samehang anders blyk, ook dié range bedoel wat ingevolge hierdie regulasie daarmee gelykstaan.

(4) Die rang kandidaatoffisier kan toegeken word aan 'n lid van die SA Leër of SA Lugmag en die rang adelbors aan 'n lid van die SA Vloot, wat vir opleiding as offisier aangewys is.

(5) Die rang kandidaatoffisier of adelbors staan vir dissiplinêre doeleindes, gelyk aan die rang weerman: Met dien verstande dat 'n kandidaatoffisier of adelbors in die loop van sy opleiding of die uitvoering van sy pligte oor enige manskap in gesag gestel kan word: Voorts met dien verstande dat 'n kandidaatoffisier of adelbors wat aldus in 'n posisie van gesag gestel is, terwyl hy sodanige gesag uitoefen, met betrekking tot enige manskap oor wie hy sodanige gesag uitoefen, geag word die rang adjudant-offisier klas I te beklee.

transferred, serve therein until the last day of December of his sixty-fifth year or until he is declared permanently medically unfit for service by the Surgeon General.

(2) Every officer of the Citizen Force Reserve shall during June of each year report in writing to the Chief of Defence Force Administration and shall advise the Chief of Defence Force Administration of any change in his permanent address within fourteen days after such change has occurred.

(3) Any citizen who has served as an officer in the Force, may, on resignation of his commission—

(a) if he resigns whilst still serving in that Force, be transferred to the Citizen Force Reserve as an other rank in terms of regulation 38 of Chapter IV of these regulations when such resignation takes effect in terms of section 83 read with section 17 of the Act; or

(b) if he so resigns whilst he is a member of that Reserve, be required to complete his period of service therein as an other rank.

(4) A member of the Citizen Force Reserve shall, whilst performing service in terms of section 51 or Chapter X of the Act, be deemed, for the purposes of these regulations, to be a member of the Force.”

CHAPTER IV.

For the existing Chapter IV substitute the following new Chapter IV:—

“CHAPTER IV.
OTHER RANKS.

Ranks and Precedence.

1. (1) The ranks set out in the table hereunder may, subject to the other provisions of this regulation, be conferred on other ranks of the Force: Provided that—

- (a) all those ranks take precedence after commissioned rank;
- (b) each such rank takes precedence after the rank which precedes it in the column concerned of the table; and
- (c) each such rank in each column is equivalent to the rank in every other column of the table which corresponds to it in order of precedence:—

<i>S.A. Army.</i>	<i>S.A. Air Force.</i>	<i>S.A. Navy.</i>
Warrant Officer Class I.	Warrant Officer Class I.	Warrant Officer Class I.
Warrant Officer Class II.	Warrant Officer Class II.	Warrant Officer Class II.
Staff Sergeant.	Flight Sergeant.	Chief Petty Officer.
Sergeant.	Air Sergeant.	Petty Officer.
Corporal.	Air Corporal.	Leading Seaman.
Lance Corporal.	Leading Air Mechanic.	Able Seaman 1st Class.
Private.	Air Mechanic.	Able Seaman 2nd Class.

(2) Each rank referred to in subregulation (1) shall include also every other nomenclature of such rank which may, with regard to military tradition, be determined by any other regulation or approved by the Commandant General, SADF, in respect of any particular portion or corps of the Force.

(3) Wherever any rank is referred to in these regulations such reference shall, unless the context otherwise indicates, also include such ranks as are equivalent thereto in terms of this regulation.

(4) The rank candidate officer may be conferred on a member of the SA Army or SA Air Force and the rank midshipman on a member of the SA Navy who has been designated for training as an officer.

(5) The ranks candidate officer and midshipman shall, for disciplinary purposes, be equivalent to the rank of private: Provided that a candidate officer or midshipman may in the course of his training or the execution of his duties be placed in a position of authority over any other rank: Provided further that a candidate officer or midshipman who has been so placed in authority shall, whilst he exercises such authority, be deemed, in relation to any other rank over whom he exercises such authority, to hold the rank of Warrant Officer Class I.

(6) Geen Kleurlinglid van die SAW mag oor 'n Blanke lid bevel voer of gesag uitoefen nie, en elke Blanke lid voer van weë sy hoër rang of deurdat die bevel of gesag oor 'n Kleurlinglid aan hom opgedra is, bevel of oefen gesag uit oor sodanige Kleurlinglid: Met dien verstande dat, in geval van nood, geag word dat die senior Blanke lid wat op die plek aanwesig is, in bevel gestel is oor iedere Kleurlinglid wat daar aanwesig is.

Vrywillige Inskrywing kragtens artikel 19 van die Wet.

2. (1) 'n Burger—

(a) wat ouer as 21 jaar is; of

(b) wie se diens ooreenkomstig artikel 19 of 21 van die Wet voltooi is,

kan, onderworpe aan sy mediese geskiktheid ooreenkomstig Hoofstuk XVIII van hierdie regulasies, met die magtiging van die betrokke Kommandements- of Groepbevelvoerder kragtens artikel 19 van die Wet in diens geneem of weer in diens geneem word.

(2) 'n Burger wat ooreenkomstig subregulasie (1) in diens geneem of weer in diens geneem word, word ingesweer en moet hom verbind om met ingang van die datum van sy inswering vir vier jaar te dien: Met dien verstande dat indien sodanige burger reeds 4 jaar of langer diens in die Mag voltooi het, hy toegelaat kan word om hom vir 'n korter tydperk, maar vir minstens 1 jaar, te verbind.

(3) Die betrokke Kommandements- of Groepbevelvoerder verwittig die Hoof van die betrokke Weermagsdeel, die HWA en die Komptroleur, SAW, van iedere indiensneming of herindiensneming kragtens hierdie regulasie.

Indelings, Oorplasinge en Verplasinge.

3. Enige lid kan, behoudens artikels 95 en 138 van die Wet, te eniger tyd—

(a) in enige pos in die Mag ingedeel word;

(b) uit enige pos of uit enige weermagsdeel, korps, diensvertakking of klassifikasie in die Mag na 'n ander pos, weermagsdeel, korps, diensvertakking of klassifikasie in die Mag oorgeplaas word;

(c) tydelik toegevoeg word by enige eenheid, depot, opleidings- of ander inrigting van die SA Weermag vir diens of opleiding; of

(d) terwyl hy ononderbroke diens of diens ingevolge Hoofstuk X van die Wet verrig, van enige plek na enige ander plek verplaas word.

Bevordering.

4. (1) Die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom vir die doel aangewys, kan 'n manskap op grondslag van sy kwalifikasies, bekwaamheid en ansiënniteit bevorder mits hy voldoen het aan die vereistes met betrekking tot militêre kennis en bekwaamheid wat die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling ingevolge Hoofstuk VII van hierdie regulasies vir die doel bepaal het.

(2) 'n Akte van Aanstelling onderteken deur die Minister moet uitgereik word aan 'n lid wat substantief tot adjudant-offisiersrang bevorder word.

(3) 'n Manskap kan nie sonder die goedkeuring van die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom vir die doel aangewys, bevordering tot onderoffisiersrang in die Mag weier of na enige laer rang terugkeer nie.

Tydlike Toekenning van Hoër Rang.

5. (1) Die Hoof van enige Weermagsdeel of Afdeling of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig kan hoër rang tydelik toeken aan 'n manskap wat—

(a) ingedeel word in 'n pos waaraan 'n hoër rang verbonde is as die rang wat sodanige manskap beklee; of

(b) belas is met pligte van 'n belangriker aard as dié wat gewoonlik aan 'n manskap van sy rang toegewys word.

(2) Die bevelvoerder van enige eenheid kan, op gesag van die betrokke Kommandements- of Groepbevelvoerder, in dwingende omstandighede waar 'n hoër rang volgens sy oordeel nodig is, die gepaste hoër rang tydelik aan 'n manskap toeken.

(6) No Coloured member of the SADF shall exercise command or authority over any White member and every White member shall, by virtue of his higher rank or of his being placed in command or authority over any Coloured member, exercise command or authority over such Coloured member: Provided that in case of emergency, the senior White member present at any place shall be deemed to have been placed in command of every Coloured member present at such place.

Voluntary Enrolment in terms of Section 19 of the Act.

2. (1) Any citizen—

(a) who is older than 21 years; or

(b) whose service in terms of section 19 or 21 of the Act has been completed,

may, subject to his medical fitness in terms of Chapter XVIII of these regulations, be engaged or re-engaged for service in terms of section 19 of the Act on the authority of the Officer Commanding the Command or Group concerned.

(2) A citizen who is engaged or re-engaged for service in terms of subregulation (1), shall attest and engage himself to serve for four years with effect from the date of his attestation: Provided that any such citizen who has completed a period of service of 4 years or more in the Force, may be allowed to engage himself for a shorter period, but not for less than 1 year.

(3) The Officer Commanding the Command or Group concerned shall inform the Head of the Arm of the Force concerned, the Chief of Defence Force Administration and the Comptroller, SADF, of every engagement or re-engagement in terms of this regulation.

Postings, Transfers and Moves.

3. Any member may at any time, subject to the provisions of sections 95 and 138 of the Act—

(a) be posted to any post in the Force;

(b) be transferred from any post or from one Arm of the Force, corps, branch of the service or classification in the Force to any other post, Arm of the Force, corps, branch of the service or classification in the Force;

(c) be temporarily attached to any unit, depot, training or other establishment of the South African Defence Force for service or training; or

(d) while rendering continuous service or service in terms of Chapter X of the Act, be moved from any place to any other place.

Promotion.

4. (1) The Commandant General, SADF, or an officer designated by him for the purpose may promote an other rank on the basis of his qualifications, proficiency and seniority on condition that he has complied with the requirements relating to military knowledge and proficiency determined for the purpose by the Head of the Arm of the Force or Section concerned in terms of Chapter VII of these regulations.

(2) A Warrant of Appointment, signed by the Minister shall be issued to a member substantively promoted to Warrant Rank.

(3) No other rank may refuse promotion to non-commissioned rank in the Force or revert to a lower rank without the approval of the Commandant General, SADF, or an officer designated by him for the purpose.

Temporary Grant of Higher Rank.

5. (1) The Head of any Arm of the Force or Section or an officer authorised thereto by him may temporarily grant higher rank to an other rank who—

(a) is posted to any post to which a higher rank attaches than that held by such other rank; or

(b) is charged with duties of a more important nature than those normally allotted to an other rank of his rank.

(2) The officer commanding any unit may, on authority of the Officer Commanding the Command or Group concerned, in constraining circumstances where, in his opinion, a higher rank is necessary, temporarily grant the appropriate higher rank to any other rank.

Ansiënniteit.

6. (1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie regulasie word die ansiënniteit van 'n manskap in 'n substantiewe of tydelike rang met betrekking tot ander manskappe van dieselfde of gelykstaande substantiewe of tydelike rang, bepaal deur die datum van sy inskrywing of aanstelling in of bevordering tot sodanige substantiewe of tydelike rang: Met dien verstande dat 'n manskap wat 'n substantiewe rang beklee, die senior is van alle manskappe wat 'n tydelike rang van dieselfde of gelykstaande graad beklee.

(2) Indien twee of meer manskappe in dieselfde rang op dieselfde dag aangestel of ingeskryf word, kan die volgorde van hul ansiënniteit deur die Hoof van Weermagsadministrasie of 'n offisier deur hom vir die doel aangewys, bepaal word.

(3) Indien twee of meer manskappe op dieselfde datum tot dieselfde substantiewe of tydelike rang bevorder word, behou hulle onderling die ansiënniteit wat hulle onmiddellik voor sodanige bevordering in 'n substantiewe rang gehad het.

(4) Die ansiënniteit van 'n manskap wat, nadat hy in enige hoedanigheid in die Mag gedien het, sonder diensonderbreking weer in enige rang ingeskryf word, word bepaal deur die datum waarop hy tevore in daardie rang vir diens ingeskryf is of daartoe bevorder is terwyl hy aldus gedien het.

(5) 'n Manskap wat in belang van die Mag van enige weermagsdeel, korps of diensvertakking na 'n ander weermagsdeel, korps of diensvertakking oorgeplaas of heringedeel word, verbeur nie daardeur sy ansiënniteit nie.

Verandering van Adres.

7. Ingevolge die bepalings van artikel 29(1) van die Wet moet iedere manskap skriftelik enige verandering in sy permanente adres binne veertien dae na so 'n verandering bekend maak —

- (a) in die geval van 'n manskap wat op die sterkte van 'n eenheid gevoer word, aan die bevelvoerder van sodanige eenheid; en
- (b) in die geval van 'n manskap wie se naam op die loslys van 'n eenheid verskyn, aan die Kommandements- of Groepbevelvoerder waarin sodanige eenheid geleë is.

Loslys.

8. (1) 'n Offisier wat die Hoof van die betrokke Weermagsdeel vir die doel aanwys, hou 'n loslys waarin die naam opgeneem word van enige manskap, uitgesonderd 'n manskap wat ingevolge artikel 20 van die Wet dien, wat om 'n rede wat die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of sodanige aangewese offisier voldoende ag, tydelik nie in 'n goedgekeurde pos op die diensstaat van die Mag dien nie.

(2) Die Hoof van die betrokke Weermagsdeel of Afdeling of 'n offisier wat hy vir die doel aanwys word geag die bevelvoerder te wees van 'n manskap wie se naam in die loslys opgeneem is en sodanige bevelvoerder kan die betrokke manskap verplig om enige diens ingevolge artikel 22 van die Wet, saamgelees met Hoofstuk VII van hierdie regulasies, te doen, en kan hom vir sodanige diens by enige eenheid van die SA Weermag toevoeg.

(3) Die naam van 'n manskap—

- (a) word uit die loslys verwyder sodra hy in 'n pos in die diensstaat van die Mag ingedeel of sy diens om enige rede beëindig word; en
- (b) kan uit die loslys verwyder word—
 - (i) in die geval van 'n manskap wat vrywillig ingevolge artikel 19 van die Wet in die Mag dien, nadat sy tydperk van verbintenis soos in regulasie 3 van hierdie hoofstuk bepaal, verstryk het; en
 - (ii) in die geval van 'n manskap wat ingevolge artikel 21 van die Wet dien, na die verstryking van die tydperk wat hy aldus verplig is om te dien,

en die verwydering van 'n manskap se naam kragtens paragraaf (b) beëindig die diens van die betrokke manskap in die Mag.

Seniority.

6. (1) Except as otherwise provided in this regulation, the seniority of any other rank in any substantive or temporary rank, shall in relation to other other ranks of the same or equivalent substantive or temporary rank, be determined by the date of his enrolment in or promotion to such substantive or temporary rank: Provided that any other rank holding substantive rank shall be senior to all other ranks holding temporary rank of the same or equivalent grade.

(2) If two or more other ranks are enrolled in the same rank on the same day, the order of their seniority may be determined by the Chief of Defence Force Administration or an officer designated by him for the purpose.

(3) If two or more other ranks are promoted to the same substantive or temporary rank on the same date, they shall mutually retain the seniority which they held in substantive rank immediately prior to such promotion.

(4) The seniority of an other rank who after having served in the Force in any capacity, is without a break in service re-enrolled in any rank, shall be determined by the date on which he was previously enrolled in that rank for service or promoted thereto whilst thus serving.

(5) Any other rank who is transferred or remustered in the interests of the Force from any Arm of the Force, corps or branch of the service to any other Arm of the Force, corps or branch of the service, shall not in consequence thereof, forfeit seniority.

Change of Address.

7. An other rank shall, in terms of section 29(1) of the Act, give notice in writing of any change in his permanent address within fourteen days of such change—

- (a) in the case of an other rank on the establishment of any unit, to the officer commanding such unit; and
- (b) in the case of an other rank whose name appears on the Unattached List of any unit, to the Officer Commanding the Command or Group in which such unit is situate.

Unattached List.

8. (1) An officer designated for the purpose by the Head of the Arm of the Force concerned, shall maintain an Unattached List in which shall be included the name of any other rank, other than an other rank serving in terms of section 20 of the Act, who for any reason approved by the Head of the Arm of the Force or such designated officer, is temporarily not serving in an approved post on the establishment of the Force.

(2) The Head of the Arm of the Force or Section concerned or an officer designated by him for the purpose shall be deemed to be the commanding officer of an other rank whose name is included in the Unattached List and such commander may require the other rank concerned to render any service in terms of section 22 of the Act read with Chapter VII of these regulations, and may attach him for such service to any unit of the South African Defence Force.

(3) The name of an other rank—

- (a) shall be removed from the Unattached List when he is posted to a post on the establishment of the Force or when his service is terminated for any reason; and
- (b) may be removed from the Unattached List—
 - (i) in the case of an other rank serving voluntarily in the Force in terms of section 19 of the Act, after his period of engagement as determined by regulation 3 of this chapter, has expired; and
 - (ii) in the case of an other rank serving in terms of section 21 of the Act, after the period which he is thus liable to serve has expired,

and such removal of an other rank's name in terms of paragraph (b) shall terminate the service of the other rank concerned in the Force.

Aftree-ouderdom.

9. Behoudens die bepalings van regulasie 14 van Hoofstuk XVII van hierdie regulasies is die maksimum ouderdom waartoe 'n burger toegelaat kan word om te dien—

- (a) vir weermanne en onderkorporaals..... 55 jaar; en
(b) vir alle ander manskappe..... 60 jaar:

Met dien verstande dat die Hoof van Weermagsadministrasie die dienstermyn van 'n burger wat in 'n nie-vegtende hoedanigheid dien, kan verleng totdat bedoelde burger die ouderdom van vyf-en-sestig jaar bereik het.

Ontslag van 'n Manskap.

10. (1) 'n Manskap (uitgesonderd 'n manskap wat ingevolge artikel 20 van die Wet dien) word ontslaan—

- (a) by aftreding by bereiking van die aftreeleefyd by regulasie 9 voorgeskryf;
(b) mits hy hom nie weer tot diens in die Mag verbind nie, by verstryking van—
(i) die tydperk waartoe hy ingevolge artikel 21 van die Wet verplig is om te dien; of
(ii) 'n diensverbintenis vir 'n vermelde tydperk ingevolge artikel 19 of 24 van die Wet;
(c) weens wangedrag by die tenuitvoerlegging van 'n vonnis van ontslag of ontslag met oneer uit die SA Weermag, wat deur 'n militêre hof teen hom gevel is;
(d) behoudens 'n verpligting wat ingevolge artikel 2 (3) en (4) van die Wet hom opgelê is, by bevredigende bewys van die beëindiging van sy Suid-Afrikaanse burgerskap;
(e) waar 'n vrystellingsraad ingevolge artikel 70bis (1) van die Wet sy inskrywing by 'n kommando gelas of algehele vrystelling van diens aan hom verleen het.

(2) Die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier wat hy vir die doel aangewys het, kan, ondanks enigiets in hierdie regulasies vervat, te eniger tyd gelas dat 'n manskap ontslaan word—

- (a) waar die betrokke manskap, nadat hy ingevolge artikel 144bis van die Wet aangesê is om hom aan immunisering of profilaksie te onderwerp, volhard het in sy weiering om dit te doen;
(b) as ongeskik vir sy pos of nie in staat om die daaraan verbonde werksaamhede op bekwame wyse te verrig nie, waar—
(i) 'n feit, wat sodanige manskap ongeskik of onaanvaarbaar vir inskrywing in die Mag sou gemaak het, na sy inskrywing die Hoof van Weermagsadministrasie onder die aandag kom, ongeag of die inskrywingsinstansie mislei is deur 'n valse verklaring of die opsetlike verwyding van sodanige feit deur die betrokke manskap;
(ii) die voortgesette indienshouding van so 'n manskap 'n sekerheidsrisiko inhou;
(c) behoudens regulasie 7 van Hoofstuk XVIII van hierdie regulasies, as medies ongeskik;
(d) by reorganisasie, waar sodanige manskap oortollig geword het weens die afskaffing van sy pos, enige vermindering in die diensstaat of die reorganisasie van die Mag of enige onderdeel daarvan;
(e) indien sy ontslag om 'n ander rede as sy eie ongeskiktheid; onbevoegdheid of wangedrag in belang van die Mag of in die openbare belang is;
(f) weens wangedrag, waar—
(i) hy, terwyl hy dien, deur 'n militêre of burgerlike hof skuldig bevind is aan 'n oortreding, wat, met die oog op die aard of die erns daarvan en in aansluiting met die aard van die opgelegde vonnis, sy indienshouding in die Mag ongewens maak;
(ii) hy voor of sedert sy inskrywing by meer as een geleentheid deur 'n burgerlike of militêre hof skuldig bevind is aan oortredings, wat afsonderlik beskou, nie regverdiging sou inhou of aanleiding gegee het tot sy ontslag weens wangedrag nie maar, gesamentlik beskou, sy indienshouding in die Mag ongewens maak;

Age of Retirement.

9. Subject to the provisions of regulation 14 of Chapter XVII of these regulations, the age limits for the compulsory retirement of a citizen shall be—

- (a) for privates and lance corporals..... 55 years; and
(b) for all other ranks..... 60 years:

Provided that the Chief of Defence Force Administration may extend the period of service of a citizen serving in a non-combatant capacity until such citizen has attained the age of sixty-five years.

Discharge of an Other Rank.

10. (1) An other rank (other than an other rank serving in terms of section 20 of the Act) shall be discharged—

- (a) on retirement on attaining the age of retirement prescribed in terms of regulation 9;
(b) provided he has not re-engaged for service in the force, on the expiry of—
(i) the period for which he is liable to serve in terms of section 21 of the Act; or
(ii) a service commitment for a specified period in terms of section 19 or 24 of the Act;
(c) for misconduct on the execution of a sentence of discharge or discharge with ignominy from the SA Defence Force, imposed by a military court;
(d) subject to any liability incurred in terms of section 2(3) and (4) of the Act, on satisfactory proof of the termination of his South African citizenship;
(e) where an exemption board has ordered his posting to a commando in terms of section 70bis (1) of the Act or has granted him total exemption from service.

(2) The Commandant General, SADF, or an officer designated by him for the purpose may, notwithstanding anything contained in these regulations, at any time direct that an other rank be discharged—

- (a) where, having been required in terms of section 144bis of the Act to submit to immunisation or prophylaxis, has persisted in his refusal to do so;
(b) as being unfitted for or incapable of performing efficiently the duties of his post where—
(i) any fact, which would have rendered such other rank ineligible or unacceptable for enrolment in the Force, comes to the knowledge of the Chief of Defence Force Administration after his enrolment, regardless of whether or not the enrolling authority was misled by a false statement concerning or the wilful suppression of such fact by the other rank concerned;
(ii) the continued employment of such other rank constitutes a security risk;
(c) subject to regulation 7 of Chapter XVIII of these regulations, as medically unfit;
(d) on reorganisation, where such other rank has become redundant on account of the abolition of his post, any reduction of establishment or the reorganisation of the Force or any component part thereof;
(e) if, for any reason other than his own unfitness, incapacity or misconduct, his discharge is in the interests of the Force or the public interest;
(f) on account of misconduct, where—
(i) he has, while serving, been convicted by a military or a civil court of an offence which, in the light of its nature or gravity considered in conjunction with the nature of the sentence imposed, renders his continued employment in the Force undesirable;
(ii) before or since his enrolment he has been convicted by a civil or a military court on more than one occasion of offences which, considered individually, would not justify or did not lead to his discharge on account of misconduct, but considered collectively, render his continued employment in the Force undesirable;

- (iii) sy laakbare gedrag sy voorgesette indienshouding in die Mag ongewens gemaak het, ongeag of sodanige gedrag tot strafregtelike of dissiplinêre optrede of tot sy skuldigbevinding as gevolg van sodanige optrede aanleiding gegee het;
- (iv) indien hy, omrede hy oor 'n tydperk herhaaldelik deur militêre howe skuldig bevind is aan oortredings, wat elkeen op sy eie nie ernstig hoef te wees nie, as nie ontvanklik vir militêre dissipline beskou word nie.

Ontslagsertifikaat.

11. (1) 'n Ontslagsertifikaat volgens 'n vorm wat die Hoof van Weermagsadministrasie opstel, word by ontslag aan 'n manskap uitgereik en so 'n sertifikaat—

- (a) maak voorsiening vir die Magsnommer, persoonskaartnommer, rang by ontslag, volle naam, datums van inskrywing en ontslag, vakindeling en spesiale kwalifikasies van die betrokke manskap en besonderhede van die dekorasies en medaljes wat hy mag dra asmede van sy eervolle vermelding in berigte of aanprysing;
- (b) kan spesiaal, ter erkenning van buitengewone verdienstelikheid in die uitvoering van sy werksaamhede of voorbeeldige of goeie gedrag of karakter deur sy bevelvoerder geëndosseer word ooreenkomstig instruksies wat van tyd tot tyd in die orders van die SA Weermag bekendgemaak word.

(2) Aan niemand word 'n amptelike getuigskrif of 'n duplikaat-ontslagsertifikaat uitgereik nie, maar 'n dienssertifikaat, wat die besonderhede aangee wat in paragraaf (a) van subregulasie (1) genoem word, kan op versoek uitgereik word.

Burgermagreserwe.

12. (1) Enige manskap wat in die Burgermag gedien het en geneeskundig geskik is, kan coreenkomstig artikel 48 van die Wet met ingang van die dag na die dag waarop sy diens in die Burgermag beëindig word, na die Burgermagreserwe oorgeplaas word, en indien aldus oorgeplaas, dien hy daarin tot die laaste dag van Desember in sy vyf-en-sestigste jaar, of totdat hy deur die Geneesheer-generaal permanent geneeskundig ongeskik vir diens verklaar word.

(2) Elke manskap van die Burgermagreserwe moet hom jaarliks in die maand Junie skriftelik by die Hoof van Weermagsadministrasie aanmeld en moet die Hoof van Weermagsadministrasie van enige verandering in sy permanente adres in kennis stel binne veertien dae nadat so 'n verandering plaasgevind het.

(3) Terwyl 'n lid van die Burgermagreserwe ingevolge artikel 51 of Hoofstuk X van die Wet diens doen, word hy by die toepassing van hierdie regulasies geag 'n lid van die Mag te wees."

HOOFSUK V.

Regulasie 1.

Wysig regulasie 1 deur—

- (a) die vervanging in die bestaande paragraaf (a) van die woorde „onafgebroke opleiding meemaak” deur die woorde „ononderbroke diens”;
- (b) die vervanging in die bestaande paragraaf (d) van die woorde „onafgebroke opleiding meemaak of wat voltydse” deur die woord „ononderbroke”; en
- (c) die vervanging van bestaande paragraaf (e) deur die volgende nuwe paragraaf (e):—
„(e) Stafsoldy word betaal aan alle offisiere van minstens kapteinsrang wat hulle by 'n BM-stafdienskursus bekwaam het en stafposte beklee, maar nie aan professionele offisiere wat 'n professionele toelae ontvang nie.”

Regulasie 4.

Vervang in die bestaande regulasie 4 die woorde „onafgebroke opleiding” deur die woorde „ononderbroke diens” waar hulle ook al voorkom.

- (iii) his reprehensible conduct has rendered his continued employment in the Force undesirable irrespective of whether such conduct has led to criminal or disciplinary proceedings or to his conviction as a result of such proceedings;
- (iv) owing to his recurrent conviction over a period by military courts of offences, which, considered individually may not be serious, he is considered not to be amenable to military discipline.

Discharge Certificate.

11. (1) A discharge certificate in a form compiled by the Chief of Defence Force Administration shall, on discharge, be issued to an other rank and such certificate—

- (a) shall make provision for the Force number, identity card number, rank on discharge, full names, dates of enrolment and discharge, mustering and special qualifications of the other rank concerned and particulars of the decorations and medals which he is entitled to wear as well as of his mention in despatches or commendation; and
- (b) may be specially endorsed by his unit commander in recognition of outstanding merit in the performance of his duties, or exemplary or good conduct or character in accordance with instructions promulgated from time to time in the orders of the South African Defence Force.

(2) An official testimonial or a duplicate of a discharge certificate shall not be issued to any person, but a certificate of service, containing the particulars referred to in subregulation (1) may be issued on request.

Citizen Force Reserve.

12. (1) Any other rank who has served in the Citizen Force and is medically fit may, in terms of section 48 of the Act, be transferred to the Citizen Force Reserve with effect from the day following upon that on which his service in the Citizen Force is terminated and shall, if thus transferred, serve therein until the last day of December of his sixty-fifth year or until he is declared permanently medically unfit for service by the Surgeon General.

(2) Every other rank of the Citizen Force Reserve shall during June of each year report in writing to the Chief of Defence Force Administration and shall advise the Chief of Defence Force Administration of any change in his permanent address within fourteen days after such change has occurred.

(3) A member of the Citizen Force Reserve shall, for the purposes of these regulations, be deemed to be a member of the Force whilst performing service in terms of section 51 of Chapter X of the Act.”

CHAPTER V.

Regulation 1.

Amend regulation 1 by the—

- (a) substitution in the existing paragraph (a) for the word “ training ” of the word “ service ”;
- (b) substitution in the existing paragraph (d) for the words “ training or full time employment ” of the word “ service ”;
- (c) substitution for the existing paragraph (e) of the following new paragraph (e):—

“(e) Staff pay shall be paid to all officers of and above the rank of captain who have qualified at a CF Staff Duties Course and are filling staff posts, other than to professional officers who are in receipt of a professional allowance.”

Regulation 4.

In the existing regulation 4, for the word “ training ” wherever it appears, substitute the word “ service ”.

Regulasie 5.

Vervang in die bestaande regulasie die woorde „onafgebroke oefening bywoon” deur die woorde „ononderbroke diens doen” en die woorde „afgebroke oefening bywoon” deur die woorde „onderbroke diens doen”.

Regulasie 6.

Vervang in die bestaande regulasie 6 die woorde „onafgebroke opleiding” deur die woorde „ononderbroke diens”.

Regulasie 7.

Vervang in die bestaande regulasie 7 die woorde „onafgebroke oefening” deur die woorde „ononderbroke diens” en die woord „oefening” deur die woord „diens”.

Regulasie 8.

Vervang in die bestaande regulasie 8 die woorde „onafgebroke opleiding” deur die woorde „ononderbroke diens”.

Regulasie 9.

Vervang in paragrawe (a) en (b) van die bestaande regulasie 9 die woorde „onafgebroke opleiding” deur die woorde „ononderbroke diens” en die woorde „afgebroke opleiding” deur die woorde „onderbroke diens” waar sodanige woorde ook al voorkom.

Regulasie 11.

Vervang die bestaande regulasie 11 en kantopskrif deur die volgende nuwe regulasie 11 en kantopskrif:—

„Professionele Toelae.

11. Aan 'n offisier, uitgesonderd 'n offisier wat voltyds in diens van die staat is, wat ingevolge regulasie 3 van Hoofstuk III van hierdie regulasies as 'n professionele offisier aangestel is en in 'n professionele hoedanigheid werksaam is, word 'n professionele toelaag wat van tyd tot tyd deur die Staatsdienskommissie ingevolge artikel 82 bis van die Wet aanbeveel word, betaal vir alle tydperke ten opsigte waarvan rangsoldy aan hom betaalbaar is.”

Regulasie 12.

Vervang in die bestaande regulasie 12 die woorde „onafgebroke oefening” deur die woorde „ononderbroke diens” en die woord „oefenjaar” deur die woord „kalenderjaar” waar sodanige woord of woorde ook al voorkom.

Regulasie 13.

Vervang in die bestaande regulasie 13 die woorde „onafgebroke opleiding” deur die woorde „ononderbroke diens” en die woord „opleidingsjaar” deur die woord „kalenderjaar” waar sodanige woord of woorde ook al voorkom.

Regulasie 14.

Vervang in die bestaande regulasie 14 die woorde „onafgebroke opleiding” deur die woorde „ononderbroke diens” en die woorde „afgebroke opleiding” deur die woorde „onderbroke diens”.

Regulasie 17.

Vervang in die bestaande regulasie 17 die woorde „onafgebroke oefening” deur die woorde „ononderbroke diens”.

Regulasie 19bis.

Vervang in die bestaande regulasie 19bis die woorde „ononderbroke opleiding ondergaan” deur die woorde „ononderbroke diens doen” en die woorde vanaf „subparagraaf” tot „twee-en-twintig” deur die woorde en syfers „artikel 22(3)(a)”.

Regulasie 20.

Vervang die bestaande paragraaf 20(d) deur die volgende nuwe paragraaf 20(d):—

„(d) Die toelae genoem in paragraaf (a) van hierdie regulasie word nie aan 'n lid aan wie tydelike kommissierang toegeken is gedurende sy eerste tydperk van ononderbroke diens ingevolge artikel 22(3)(a) van die Wet betaal nie, maar sal betaalbaar

Regulation 5.

In the existing regulation 5, for the word “training” wherever it appears, substitute the word “service”.

Regulation 6.

In the existing regulation 6 for the word “training” substitute the word “service”.

Regulation 7.

In the existing regulation 7 for the word “training” wherever it appears, substitute the word “service”.

Regulation 8.

In the existing regulation 8 for the word “training” substitute the word “service”.

Regulation 9.

Substitute in paragraphs (a) and (b) of the existing regulation 9 for the word “training” wherever it appears, the word “service”.

Regulation 11.

Substitute for the existing regulation 11 the following new regulation 11:—

“Professional Allowance.

